

## Woensdag 29 Mei

<b>Skrifgedeelte: Josua 14:6-15; 15:16-17; Rigters 3:9-10; 1 Kronieke 2:49 (1933/53-vertaling)</b>	<b>Fokusgedeelte: Josua 14:14; 15:16-17; Rigters 3:9-10; 1 Kronieke 2:49 (1933/53-vertaling)</b>
--	--

### **Agsa – aartjie na haar vaartjie: Vertrou op God!**

Vandag, 400 jaar gelede, het die Sinode van Dordrecht die Gereformeerde Kerke se ses Belydenisskrifte amptelik aanvaar. Die waarde van belydenisskrifte is dat die ware Bybelse leer van geslag tot geslag oorgedra kan word.

Op drie plekke in die Bybel word van 'n vrou met die naam Agsa (1983-vertaling = Aksa) gepraat. Sy en haar mense het volkome op die Here vertrou! Agsa is 'n aartjie na haar vaartjie. Sy volg in die belydenisse van haar voorvaders. 1 Kronieke 2:49 vat saam wie haar pa en man was.

Haar pa Kaleb het sy dogtertjie Agsa (letterlik *voetkettinkie*) genoem. Tien van die 12 verkenner het gesê dat dit onmoontlik sal wees om die Beloofde Land in te neem. Net Kaleb en Josua het gesê dat die Israeliete maar net op die HERE moet vertrou en dan is hulle tot alles in staat. In Josua 14 word daar drie keer gesê dat Kaleb volgehou het om die HERE te volg. Omdat Kaleb op die HERE vertrou het, het hy die Enakiete verslaan.

Agsa se man was Otniël. Toe Kaleb besig was met sy verowerings, het hy Agsa aan Otniël as vrou gegee as beloning omdat Otniël die stad Debir verslaan het. Ná die dood van Kaleb en Josua het die volk die HERE vergeet en agter afgode aangegaan. God gee Israel dan oor aan rowers en vyande. Otniël word ná Israel se bekering geroep om as die eerste rigter op te tree om die volk van hulle vyande te red. Sý naam beteken “my sterkte is my God”. Rigters 3:10 sê dat die Gees van die HERE op hom gekom het. En dáárom kon hy die vyand verslaan en daar het 40 jaar lank rus in die land gekom.

Agsa se naam staan uit tussen 'n klomp seunsname in die Kroniekeboek ... dié en dié was die seun van so en so. Die Kroniekeboeke is geskryf ná die ballingskapstyd. Die HERE het die oorblyfsel, die verlostes en dié wat op die HERE vertrou het, laat terugkeer na Jerusalem. 1 Kronieke 1-9 wil benadruk dat God vir Hom deur die eeue 'n volk (die kerk) bymekaarmaak van mense wat 'n persoonlike verhouding met Hom het; mense wat op Hom vertrou, aanroep en na Hom gevra het. Net dié mense se name word genoem. Die een pa het die dinge van die geloof aan sy kinders vertel, en die kinders aan hulle kinders. Kaleb aan Agsa, Agsa trou met Otniël, en Otniël hoor dit van sy pa en lei die volk weer terug na die HERE. Aartjie na sy/haar vaartjie!

Kan dit ook van jóú gesê word? Vertrou jóú kinders ook op die HERE soos jý? Voed jou kinders só op dat hulle nes jy op die HERE vertrou!

*Sing: Psalm 71-1:1, 2*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*